# SKOOLREËLS / SCHOOL RULES

1. **AANTREDE WANNEER DIE KLOK LUI / LINE UP WHEN BELL RINGS**
   Wanneer die eerste klok lui, moet alle leerlinge in voogklasverband aantree.
   By die aantrede nadat die klok gelui het, is alle leerlinge stil en sodra die onderwyser op diens die teken gee, beweeg die leerlinge in klasverband.

   When the first bell rings, all learners must line up in their register class lines. Learners must be quiet and as soon as the teacher on duty gives permission, classes may leave.

2. **AANTREDE BY DIE SAAL / LINE UP IN HALL**
   By die aantrede vir saalaangeleenthede beweeg leerlinge flink na die saal. Daar heers absolute stilte wanneer die leerlinge die saal binnestap.
   Leerlinge moet vergesel word deur die klasonderwyser.

   For assembly in the hall, all learners must also line up. Learners must be accompanied by their class teacher and maintain silence.

3. **AANDEEL IN DIE OPBOU EN INSTANDHOUDING VAN DIE TERREIN / PARTICIPATION IN THE KEEPING AND MAINTAINING OF THE SCHOOL GROUNDS**
   Elke leerling moet trots wees op die netheid van ons skoolterrein, die geboue, sportveld, blomme en struike.
   Each learner should be proud of the tidiness of the school grounds, buildings, furniture, sports fields and gardens.

4. **AFKONDIGINGS / ANNOUNCEMENTS**
   Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerlinge stil wees en luister na wat gesê word. Alle afkondigings moet betyds in die afkondigingsboek geskryf word. Dit sal 5 minute voor eerste pouse gelees word.

   All learners must be quiet and listen when announcements are made on the intercom. Announcements will be read 5 minutes before break.

5. **AFSLUITING / ENDING OF SCHOOL DAY**
   Tydens die afsluiting van die skooldag oor die interkom, moet alle leerlinge stil wees en met eerbied luister na die afsluitingsboodskap.

   When ending the school day with prayer, all learners should be quiet, and listen to the prayer or message.

6. **AFWESIGHEID / ABSENCE**
   Leerlinge mag slegs weens siekte of om ‘n ander goeie rede van die skool afwesig wees. ‘n Leerling wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy weer die skool besoek, ‘n brief van sy ouers bring waar ‘n rede vir afwesigheid aangedui word. Indien ‘n leerling langer as 2 dae afwesig is, moet ‘n doktersertifikaat voorgelê word. Geen leerling mag ‘n ouer of iemand anders skakel om hom/haar gedurende skooltyd te kom haal alvorens die nodige toestemming vooraf van die kantoor verkry is nie. In bogenoemde geval moet die ouers persoonlik die leerling kom haal.

Leerlinge wat afwesig is tydens ‘n toets of eksamen moet ‘n mediese sertifikaat inhandig, anders kry hy/sy nul vir die toets of eksamen.

Ongereelde skoolbesoek steur die leerling in sy vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en onbevoegdheid.  Net soos elke volwasse persoon ‘n werk het en daarna streef om dit goed te doen, so moet elke leerling skoolgaan as ‘n daaglikse werk beskou en dit goed doen.

Learners may only be absent on account of illness or any legal matter.  The learner must bring a letter form the parents or doctor after being absent, stating the reason.  When absent longer than 2 days, a doctor’s note must be handed in to the register teacher.  No learner may phone parents to fetch them at school without permission of the office.  If so, only parents will be allowed to fetch children.

7. BALSPELE / BALL GAMES
Geen balspele mag onderdak of in deurlope gespeel word nie.
Geen balspele mag naby mure plaasvind nie.
No ball games are allowed between buildings or in open hallways.

8. BESERINGS EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE / INJURIES OR ILLNESS DURING SCHOOL HOURS
Indien ‘n leerling gedurende skoolure beseer raak of siek word, moet dit onmiddellik by die onderwyser op terreindiens gerapporteer word.

In case of injuries or illness during school hours, it must be reported immediately to the teacher on duty.

9. BREEKSKADE OF KWAADWILLIGE BESKADIGING / BREAKAGES AND MALICIOUS DAMAGE
Geen skade of kwaadwillige beskadiging van privaat eiendom of skooleiendom word toegelaat nie.  Enige voorvalle moet onmiddellik by die hoof/adjunkhoof gerapporteer word.

It will not be allowed and must immediately be reported at the principal or vice principal’s office.



10. KOUGOM EN EET / CHEWING GUM AND EATING
Geen kougom word toegelaat nie.  Daar mag nie geëet word gedurende klastyd nie.
No chewing gum is allowed.  No eating during class will be allowed.

11. ELEKTRIESE INSTALLASIES / ELECTRICAL INSTALLATIONS
Geen leerlinge mag by skakelborde of elektriese installasies peuter nie.  Geen leerling mag met ligskakelaars peuter nie.
No learner will be allowed to work or tamper with electrical installations or switches.

12. FIETSE
Geen leerling mag op die skoolterrein met fietse ry nie, ongeag die tyd.
No learner will be allowed to ride on a bicycle on the school grounds, no matter what the time of day.

## 13. GEDRAG IN DIE KLASKAMER / BEHAVIOUR IN CLASS

- Binne die klaskamer moet elke leerling sy uiterse bes doen om orde te handhaaf en sy deel by te dra dat die werk so vinnig moontlik kan vlot.
- Leerlinge mag geen speelgoed of diere saambring skool toe nie.
- Boektasse mag nie op die tafel of stoele gesit word nie.
- Daar mag nie op die meubels geskryf of gekrap word nie.
- Geen leerling mag tydens lesure sonder ‘n boodskapperkaartjie/brief buite ‘n klaskamer wees nie.
- Geen leerling mag sonder toestemming van sitplekke verwissel nie. Daar mag nie gedurende lestyd gesels word nie.
- Leerlinge gaan sit en haal boeke uit.
- Klas moet opgeruim word na elke les.

- Each learner must do his/her best to keep order and to start working as soon as possible.
- No toys or pets are allowed at school.
- No schoolbags on tables or chairs.
- No graffiti or scratching is allowed on furniture.
- Learners are not allowed to go out of class without messenger cards/letter.
- Learners may not move from places in class without permission.
- No talking to other children is allowed during lessons.
- When learners enter classes, they must immediately sit down and take out their books.
- The class must be cleaned before leaving.



## 14. GEDRAG VAN LEERLINGE TEENOOR ONDERWYSERS / BEHAVIOUR OF LEARNERS TOWARDS TEACHERS.

- Van leerlinge word verwag om hoflik en vriendelik te wees teenoor hulle onderwysers en hulle behoorlik groet.
- Van leerlinge word verwag om gehoorsaam te wees en daagliks opdragte en huiswerk na die beste van hulle vermoë uit te voer.
- Van leerlinge word verwag om hulle ordentlik te gedra en so te sorg vir goeie dissipline en orde in ons skool.
- Van leerlinge word verwag om in alle opsigte lojaal teenoor die skool te wees; daar sal nooit met minagting van ons skool, ons onderwysers of medeleerlinge gepraat word nie.
- Alle huiswerk moet ingeskryf word in hierdie boek.

- It is expected from learners to greet teachers and to be polite at all times.
- Learners must be obedient and do their homework every day to the best of their ability.
- It is expected from learners to be loyal to the school and teachers and never speak disrespectful of teachers or other learners.
- All homework must be written down in this homework book.

## 15. HUISWERKBOEKE / HOMEWORK BOOKS

- Huiswerk moet elke dag neergeskryf word.
- Juniorfase ontvang weeklikse inligtingsbriewe.
- Ouers moet kyk of daar omsendbriewe of inligting aan leerlinge gegee is.
- Huiswerkboeke MOET elke dag in die leerder se tas wees.

- Must always be available or child will sit detention.
- Homework should be written down every day.
- Juniors receive information letters weekly.
- Parents must look everyday for information or letters from teachers.

## 16. JUWELE / JEWELLERY

- Geen juwele soos ringe, armbande of kettings nie.
- Slegs gewone goue of silwer "studs" of ringetjies mag gedra word.
- Die ringetjies mag nie dik wees nie en moet ongeveer 5mm in deursnee wees.
- Slegs polshorlosies word toegelaat. Geen versierde horlosies nie.
- Slegs een oorbel per oor in die gaatjies van die oorlel (onderste gaatjie).
- Dogters mag seëlringe dra. Slegs een aan die korrekte ringvinger.
- Seuns mag geen oorbelle dra nie.
- Geen neusringe word toegelaat nie.
- Geen tongringe word toegelaat nie.

- No jewelry like rings, bangles or chains is allowed.
- You may only wear studs and small earrings made of silver or gold in the ears.
- The earring may not be very thick; they must have an average of 5mm.
- You may only wear wrist-watches. No decorated watches are allowed.
- Only one earring per ear in the bottom hole is allowed.
- Girls may wear signet rings. Only one on the signet ring finger.
- Boys may not wear any earrings.
- No nose rings are allowed.
- No tongue rings are allowed.

## 17. KLASWISSELING / CHANGING CLASSES

- Gedurende klaswisseling beweeg die leerlinge flink in rye na die volgende klas.
- Tydens klaswisseling word die minimum lawaai veroorsaak en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.
- Een klasleier moet voor in die ry loop tydens klaswisseling, en die ander een agter.

- During changing of classes, learners must walk energetically in rows to their next class.
- One of the class leaders must walk in front of the row and the other one at the back.
- During changing of classes there must be a cause of minimum noise, no loud noise will be endured.

## 18. KLEEDKAMERS / BATHROOMS

- Kleedkamers moet netjies en skoon gehou word.
- Daar mag nie in die kleedkamers gespeel word nie.
- Slegs een leerling op ‘n keer uit dieselfde klas, mag kleedkamers besoek gedurende klastye.

- Bathrooms must be kept neat and clean.
- No playing in the dressing rooms is allowed.
- Only one learner at a time in the same class may go to the bathroom during class.

## 19. PERSONEELKAMER / STAFF ROOM

- Die stoepgedeelte rondom die personeelkamer is stil gebiede.
- Geen leerling mag hier speel of lawaai maak nie.

- The passages around the staffroom are a quiet area.
- No learners may play or make noise around the staff room..

## 20. NAELS / NAILS

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.
- Daar sal in geen spesiale gevalle toestemming gegee word vir langer naels nie.

- Your nails may not be longer that the top of your fingers.
- No nail polish is allowed.
- No special permission will be granted to anyone.

## 21. LAATKOM / COMING LATE

- Leerlinge moet betyds by die skool wees.
- Tydens saalbyeenkomste moet die laatkommers in elk geval in die saal ingaan.

- Learners must be on time for school.
- All learners that are late for hall must still go into the hall.




## 22. ONTVANGSPORTAAL / RECEPTION

- Geen leerling mag die ontvangsportaal as ‘n deurgang gebruik nie
- Leerlinge beweeg slegs deur die ingangsportaal as hulle die sektretaresse wil gaan spreek.

- No learners are allowed to use the reception as a passage way.
- Learners may only walk through reception when they want to talk to the secretary.

23. OORTREDINGE WAT GLAD NIE GEDULD WORD NIE / OFFENCES THAT WON'T BE ENDURED

Swak taalgebruik, lelike gesprekke, swak gedrag, stokkiesdraai, kwaadpraat van medeleerlinge, afskryf van huiswerk, slordige werk, laks houding, kougom, steel en onhoflike optrede.

Use of bad language, nasty conversations, truancy, bad-mouthing other learners, copying of homework, untidy work, slack attitude, bubble-gum, stealing and uncivil behaviour.

24. OPENING VAN DIE SKOOL / OPENING OF SCHOOL

- Die skool begin dwarsdeur die jaar om 07:15.
- Die senior leerlinge tree aan op die aantree blokke.

- Right through the year the school starts at 07:15
- The senior learners must line up on the master blocks.




25. OPTREDE IN DIE OPENBAAR / APPEARANCE IN PUBLIC

- Ons optrede in die openbaar moet onberispelik wees, hetsy by 'n skoolaktiwiteit, tuis of elders.
- Ons word aan ons skooldrag geken en elkeen van ons is in skooldrag 'n advertensie van die skool en moet die skool se naam hoog hou.

- Our appearance in the public must be irreproachable, whether it is at a school activity, home or elsewhere.
- We are noticed in our school uniforms, and each and every one of us in our school uniforms must be an advertisement of the school and the school's name.

26. PORNOGRAFIESE EN ANDER EROTIESE MATERIAAL / PORNOGRAPHY AND OTHER EROTIC MATERIAL

- Geen pornografiese of ander erotiese materiaal mag op die skoolterrein gebring word nie.  Alle oortredings van die reël sal sterk reaksie uitlok.
- No pornographic or other erotic material is allowed on school premises.

27. POUSE / BREAK

- Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie.
- Groter leerlinge mag nie in die spele van leerlinge inmeng of hulle pla nie.
- Geen vuiltaal nie.
- Daar mag nie naby motors gespeel word nie.
- Geen klippe mag gegooi word nie.
- Niemand mag sonder verlof van die hoof die terrein verlaat nie.
- Die onderskeie groepe bly op hulle onderskeie terreine.

- No dangerous games are allowed.
- Senior learners may not interrupt in junior learners activities and games.
- No filthy language.
- No playing near cars.
- No throwing of rocks.
- Nobody is allowed to leave the school premises without permission from the principal.
- The distinction groups must stay on their grounds.

28. RADIO'S EN SELFONE / RADIOS AND CELLPHONES

- Geen radio mag deur 'n leerling in die klas gebruik word om tydens lesure na sportuitsendings te luister nie.
- Geen selfone is toelaatbaar nie.



- No radios may be used to listen to sport broadcasts during class hours.
- No cell phones are allowed.

29. RAPPORTE / REPORTS

Daar word aan die einde van elke kwartaal 'n rapport aan die ouers verskaf. Hierdie rapport moet deur die ouers geteken word en dadelik teruggestuur word.

A report will be given out at the end of every quarter. These reports must be signed by parents and sent back immediately.

30. SKEURSTROKIES / TEAR-OFF STRIPS

- Alle skeurstrokies moet die volgende dag terug wees by die skool.
- Skeurstrokies moet deur die ouers geteken wees.
- Leerlinge wat versuim om dit terug te bring, sal 'n inskrywing kry op sy/haar strafkaart.

- All tear-off strips must be back the following day.
- Tear-off strips must be signed by parents.
- A learner that doesn't return their tear-off strips will get a penalty on their disciplinary card.

31. SKOOLTERREIN EN ALGEMEEN / GENERALLY AND THE SCHOOL GROUND

- Gedurende pouse word die leerlinge nie in die klaskamers, saal of stoepe sonder verlof van 'n onderwyser toegelaat nie.
- Niemand mag gedurende skooltyd by die fietsloots kom nie.
- Elke leerling is mede-verantwoordelik om die klaskamers, kleedkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou.
- Die gebou, meubels en apparaat moet opgepas word en met die nodige respek behandel word.
- Op die skoolterrein en in skooldrag mag nie gerook word nie.
- Elke leerling is self vir sy eiendom verantwoordelik. Verlore artikels moet by die kantoor ingegee word. Indien 'n leerling iets verloor het, kan hy daaroor navraag doen by die kantoor.
- Leerlinge is ten alle tye verantwoordelik vir die netheid en sindelikheid van die skool en skoolterrein. Daarvoor is orals vullisblikke beskikbaar.



**By ons skool geld die reël: As ek 'n papier sien lê, tel ek dit self op al het ek dit nie daar gegooi nie. Daar is gereelde klasdiens vir die skoonhou van terrein onder toesig van die personeel op terreindiens. Hierdie beleid geld ook vir ons besoek aan die terreine van ander skole. Leerlinge in leiersposisies moet altyd leerlinge benoem wat sorg vir vullisblikke by velde en die skoonmaak van velde na die byeenkoms.**

- During break no learners are allowed in the classrooms, hall or corridors without permission of the teachers.
- No-one is allowed near the bicycles.

- All learners are co-responsible to keep the classrooms, bathrooms, corridors and school grounds neat and clean.
- The building, furniture and apparatus must be handled with respect.
- No smoking is allowed on school grounds or in our school uniform.
- All learners are responsible for their own belongings. Lost belongings must be given in at reception. In case of lost property, the learner can make an enquiry at the office.
- Learners are at all times responsible for neatness of the school and the school grounds. There are rubbish bins everywhere on the school ground, use them.

**This rule counts for everyone: If I see a paper lying on the ground. I'll pick it up, even if I didn't throw it there. There are regular class duties for the cleaning of the school grounds, under supervision of the teachers. This policy also applies when we visit other schools. Learners in leader positions must appoint learners which will provide rubbish bins on the veld and the cleaning of the veld after functions.**

## 32. SKOOLTYE / SCHOOL HOURS

**Graad/Grade R - 2**
Maandag, Dinsdag, Woensdag / Monday, Tuesday, Wednesday: 07:15 - 13:00
Donderdag, Vrydag / Thursday, Friday: 07-15 - 12:30

**Graad/Grade 3**
Maandag - Vrydag / Monday - Friday: 07:15 -13:00

**Graad/Grade 4 -7**Maandag/Monday: Skool begin om 07:15 - 14:00
Dinsdag + Donderdag/Tuesday + Thursday: 07:15 - 13:15
Woensdag + Vrydag / Wednesday + Friday: 07:15 - 13:30

## 33. SLUITING / CLOSING

Die skool word met gebed oor die interkom afgesluit. Gedurende die afsluiting moet daardeur die skool stilte heers.

It closes with a prayer at the end of the day on the loudspeaker. During this time there must be silence.

## 34. SKOOL VERLAAT / SCHOOL LEAVERS

Wanneer 'n leerling weet dat hy/sy die skool gaan verlaat, moet so 'n leerling 'n week voor die tyd by die sekretaresse aansoek doen om 'n oorplasingsertifikaat. Die handboeklys moet ook geneem word na al die vakonderwysers wat moet teken dat die leerling se handboeke en skrifte ontvang is.

When a learner knows that he/she is leaving the school, he/she must apply for a transfer certificate a week in advance. The textbook list must be taken to all the teachers. The teachers must sign when receiving the books.

## 35. SPEELGOED / TOYS

Geen speelgoed, insluitende balle, mag in die saal, of klaskamers ingeneem word nie. Geen band- of CD-spelers mag skool toe gebring word nie.

No toys, including balls are allowed in the hall or classrooms. No CD players are allowed at school - only when necessary.

36. SPEELTERREINE / PLAYGROUNDS

Sien die terreinrooster vir die afbakening van die verskillende groepe se speelterrein.

Play on the playgrounds which have been set out to each group on the playground timetable.

37. SPOT VAN MEDELEERLINGE / MOCKERY OF ANOTHER LEARNER
Geen bespotting van medeleerlinge word toegelaat nie. Geen byname mag aan enige leerling toegevoeg word nie.




BOELIE VAN LEERLINGE SAL NIE GEDULD WORD NIE!

It is not allowed to mock another learner. No nicknames are allowed.

BULLYING WILL NOT BE ALLOWED!

38. BUITE-KURRIKULÊRE DEELNAME / EXTRA MURAL PARTICIPATION
Dit is elke leerling se plig om eerstens vir sy skool deel te neem en daarna vir buite instansies. Dit is noodsaaklik dat elke leerling aan een of ander aktiwiteit sal deelneem.

It is the duty of every learner to participate firstly for the school and then for another institution. It is important that each learner take part in an activity at school.

39. OEFENING / PRACTISE
Leerlinge moet betyds wees vir sportoefening. Fietse word tydens sportoefening langs die oefenveld gelaat. Gepaste kleredrag is belangrik.

Learners have to be on time for sports practice. Bicycles are left next to the court/track. Suitable clothing is required.

40. TASSE / SCHOOLBAGS
Slegs voorgeskrewe seil- of leertasse word toegelaat. Die tas moet stewig, met afskortings, en standaardgrootte wees.
(minimum afmetings 40 x 25cm). Tasse moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte, soos benodig, gerieflik ingepak kan word en ook voldoende beskerming ontvang.

Only prescribed bags are allowed. It must have enough space and support for all textbooks and writing materials.

41. TERREIN VERLAAT TYDENS SKOOLURE / LEAVING SCHOOL-GROUNDS DURING SCHOOL HOURS
Niemand mag sonder die hoof se toestemming die skoolterrein verlaat nie, pouses ingesluit. Verlofbriewe moet gedurende die eerste periode by die hoof of AHP ingedien word. Wanneer 'n leerling met verlof die skoolterrein verlaat, moet hy/sy eers aanmeld by die sekretaresse.

Nobody is allowed to leave the school without permission from the principal. Learners must be signed out in the office.

42. TOEGANG TOT SKOOL / ENTRANCE TO THE SCHOOL
Toegang tot die skool mag slegs deur die hekke geskied. Geen leerling mag oor of deur enige heining, draad of palisade klim nie.

Only through the main gate. No one is allowed to climb through the fence or over the palisades.



## 43. TRAPPE / STAIRS

Geen leerling mag op enige trappe hardloop nie.

Geen hardlopery sal op die paviljoen se trappe geduld word nie.
Wanneer leerlinge van trappe gebruik maak, moet hulle links hou.

Learners are not allowed to run. No running on the pavilion. If learners use the staircase, keep left.

## 44. VLOEK OF VUILTAAL / CURSING, SWEARWORDS AND BAD LANGUAGE

Geen vuiltaal of vloekwoorde word op die terrein toegelaat nie.
Is not allowed on the school grounds.

## 45. VOORSKOOL SOGGENS / BEFORE SCHOOL

- Geen leerling mag voor skool in die klaskamer kom nie, behalwe die wie diens doen of gereël het (maksimum van 3 leerlinge) en as die onderwyser in die klaskamer is.
- Geen leerlinge mag laat kom vir skool nie.
- Wanneer leerlinge by die skool aankom, moet hulle onmiddellik hulle tasse voor hulle klaskamers gaan neer sit in netjiese rye.
- Nadat tasse neergesit is, moet leerlinge onmiddellik weer die stoepe en trappe verlaat en na onderskeie speelterreine gaan.

- Only 3 learners allowed in the class if arranged by the teacher.
- No learner is allowed to come late.
- Learners must put bags in front of class and go to playgrounds.

## 46. VOORKOMS EN KLEREDRAG / APPEARANCE AND CLOTHES

- Leerlinge moet altyd skoon en netjies geklee wees. Skooldrag is verpligtend.
- Die seuns se hare moet altyd netjies geknip wees. Die skool behou die reg voor om te besluit of 'n leerling se hare kort genoeg geknip is.
- Alle dogters wie se hare oor die kraag hang, moet dit vasmaak.
- Gebruik geel, rooi, of donkergroen balletjies of rekkies. Linte: slegs rooi, geel of donkergroen.
- Leerlinge wat oor provinsiale kleure beskik kan die sweetpakke slegs Vrydae by die skool dra. Vir die res van die week geld normale skooldrag.
- Alle skoolaktiwiteite word deur nie-deelnemers in skooldrag bygewoon.

- Learners must always dress well and in the prescribed uniform.
- Boys must keep their hair short. The school has the right to decide if a learner's hair is short enough.
- Girls must fasten their hair when it reaches the collar. Use yellow, red or dark green hair accessories.
- With all school activities, learners must wear school uniforms.

## 47. OMSENDBRIEWE / CIRCULARS

- Word twee-weekliks per Whatsapp aangestuur
- Is send every two weeks per WhatsApp

## 48. KLEUR VAN HARE / COLOURING OF HAIR

Seuns en Dogters / Boys and Girls

- Hare moet altyd netjies wees / Hair must alway be neat.
- Hare mag nie gekleur, getint of gebleik wees nie. / No dying, tinting, highlights or bleaching allowed.

**Seuns / Boys**

- Haarprodukte soos jel, haarsproei, ens vir stilering kan matig gebruik word / Hair products like gel, spray, etc. for styling purposes may be used moderately.
- Geen gevlegte hairstyle / No braiding and com-rows of hair.
- Geen "dreadlocks" of verlengstukke / No dreadlocks and extensions allowed.
- Geen lyne, strepe of patrone in hare gesny nie. / No fancy hair clips or hair bands. No lines or patterns cut into hair.
- Oorkam hairstyle moet kort en nietjies wees. Mag nie wenkbroue raak nie. / Comb-over of reasonable length, not touching the eyes.
- Haarlengte moet korter as die kraag wees. / Hair length must be shorter than the collar.
- Geen "Mohawks". / No Mohawks.

**Dogters / Girls**

- Insetsels (ingesluit vlegsels en boks vlegsels) moet netjies vasgemaak wees. / Singles (including braids and box braids) should be neatly tied and may only be the same colour as your natural hair.
- Geen juwele knippies of bykomstighede of krale mag gedra word nie. / No jewellery clips as accessories or beads may be worn.
- Hare wat aan die kraag raak moet vasgemaak wees. / Hair touching the collar should be tied up.
- Kuif moet bokant wenkbroue wees. / Fringe length should be above the eye brows.
- Haarbande en rekkies – Rooi, groen en geel. / Hair bands – Red, green and yellow.
- Alle hairstyle moet netjies vertoon. / All corn rows should be neat.



- Verlengstukke en vlegsels moet vasgemaak word indien dit langer as skouerlengte is. / Extensions and weaves must be tied back if longer than shoulder length.
- Verlengstukke mag nie uitermatig swaar of dik wees sodat dit ongemak veroorsaak nie en moet ook dieselfde kleur wees as jou natuurlike hare. Kunsmatige hare mag nie langer as jou bo-punt van jou boude wees nie. / Extensions may not be overly heavy or thick and cause discomfort and must also be the same colour as your natural hair colour. Artificial hair may not be longer that the tailbone (bottom of the back).

**49. SKOOLDRAG / SCHOOL WEAR**

Ouers word versoek om slegs die voorgeskrewe skooldrag wat by die amptelike leweransiers beskikbaar is, aan te koop. Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.

**DOGTERS SOMERSDRAG / GIRLS - SUMMER WEAR**

| | | |
|---|---|---|
| Rok/Dress | : | Geruite materiaal skoolrok / Check material dress |
| Kouse/Socks | : | Wit / White |
| Skoene/Shoes : | | Swart skoolskoene / Black School shoes |
| Trui/Jersey | : | Groen skooltrui of oortrektrui / Green jersey or pullover |
| Broekie/Pants | : | Groen / Green |

**SEUNS SOMERSDRAG / BOYS - SUMMER WEAR**

| | | |
|---|---|---|
| Hemp/Shirt | : | Grys hemp/Grey shirt (Leerlingraad - wit hemp + das / white shirt + tie) |
| Broek/Pants | : | Grey |
| Kouse/Socks | : | Grys met skoolkleure / Grey with school colours. |
| Skoene/Shoes | : | Swart skoolskoene / Black school shoes |
| Trui/Jersey | : | Groen skooltrui of oortrektrui / Green jersey or pullover |

**DOGTERS WINTERSDRAG / GIRLS - WINTER WEAR**

| | | |
|---|---|---|
| Sweetpak/Track suit | : | Voorgeskrewe skoolsweetpak / Appointed school colours |
| Rok / Dress | : | Geruite materiaal skoolrok / Check material dress |
| Skoene/Shoes | : | Swart skoolskoene / Black School shoes |
| Trui/Jersey | : | Groen skooltrui of oortrektrui / Green jersey or pullover |
| Baadjie/Blazer | : | Leerlingraad & Erekleure / Leaders & Honorary colours |

**BOYS - WINTER WEAR**

| | | |
|---|---|---|
| Sweetpak/Track suit | : | Voorgeskrewe skoolsweetpak / Appointed school colours |
| Broek/Pants | : | Grys/Grey |
| Hemp/Shirt | : | Langmou grys hemp / Long sleeve grey |
| Trui/Jersey | : | Groen skooltrui of oortrektrui / Green jersey or pullover |
| Baadjie/Blazer | : | Leerlingraad & Erekleure / Leaders & Honorary colours |

**SPORTDRAG / SPORTSWEAR**

| | | |
|---|---|---|
| KDA | : | Groen KDA hemp met groen broek (skoolkouse) / Green KDA Shirt and Baggy short (school socks) |
| Sweetpak / Track suit | : | Voorgeskrewe skoolsweetpak / Appointed school colours |
| Netbal / Netball | : | Rompe en bloese volgens spandrag / Skirts and blouses as per team colour. |
| Rugby | : | Groen sportbroek en rugbytrui / Green pants and jersey |
| Krieket / Cricket | : | Afrigter sal aandui / Coach will indicate |
| Atletiek | : | Groen atletiekbroek en atletiekhempie / Green sport pants with shirt |

________________________________

Mnr C Olivier
HOOF / *PRINCIPAL*

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

**(Voltooi en stuur terug aan onderwyser *\/ Please complete and send back to teacher)***

Hiermee erken ek________________________________ ouer van _________________________ dat ek die skrywe gelees het oor die die skoolreëls.

*Hereby I _______________________________________ parent of _________________________ confirm that I read the letter regarding the school rules.*

________________________________ ________________________________

Handtekening ouer/voog / *Signature parent/guardian* — Datum /*Date*